Ps 130
Verdruk, verlore roep ek,
in donker nag na God.
In wanhoop, lyding, smarte:
die dood bly steeds my lot.
O Here, hoor my klagte,
my pleitgeroep, gebed!
Hou my tog in gedagte,
want net U Heer, kan red.

Deur sonde diep verneder,
kan ek nie voor U staan.
U heiligheid, o Here,
het my gebreek, verslaan!
Sal U my kan vergewe,
soos U van ouds af doen?
Ek dors na rus, na lewe,
met U, my God, versoen.

Soldate staan op die mure,
wag vir die son se lig.
Hul tel die lange ure,
die nag bied hul geen sig.
So wag ek op die Here,
ek wag al lank, kry swaar.
Maar God se groot genade,
sal tog my lewe spaar.

Hoop kinders van die Here,
bly glo in God wat red.
Na donker nag, genade!
God hoor weer ons gebed.
Sy liefde, guns, ontferming
bring lig, skep nog ’n dag.
Hy maak weer vry van sonde,
as ek berouvol wag!

- *Andries Combrink*
- *Kopiereg voorbehou*